

Titel: Bote, storms en geloof
Pastor: Andries van der Merwe
Datum: 12 Desember 2010
Tyd: 09:00



Hebreërs 11:1 NV

¹ Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.

Hebreërs 11:6 NV

⁶ As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy die wat hom soek, beloon.

Markus 4:35-41 NV

³⁵ Laat daardie middag sê Jesus vir sy dissipels: “Kom ons vaar oorkant toe.”³⁶ Hulle het toe die mense wat daar was, daar laat bly en Hom saamgeneem in die skuit waarin Hy gesit het. Daar was ook nog ander skuite by. ³⁷ Skielik het daar 'n groot storm losgebars, en die golwe het in die skuit geslaan, sodat die skuit al begin vol word het. ³⁸ Jesus het op die bank in die agterstewe gelê en slaap. Hulle maak Hom toe wakker en sê vir Hom: “Meneer, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?” ³⁹ Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: “Hou op! Bedaar!” Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte gekom. ⁴⁰ Toe sê Hy vir hulle: “Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?” ⁴¹ Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê: “Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?”

Mattheus 10:29-31 NV

²⁹ “Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. ³⁰ Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. ³¹ Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.”

Lukas 17:5-6 NV

⁵Die apostels se toe vir die Here: “Gee ons meer geloof”. ⁶ Maar die Here antwoord: “As julle maar geloof so groot soos 'n mostertsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon se: ‘Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see’, en hy sou julle gehoorsaam.

Mattheus 17:20 NV

²⁰ “Omdat julle geloof te klein is,” se hy vir hulle “dit verseker ek julle: As julle maar geloof het so groot soos 'n mostertsaadjie sal julle vir hierdie berg se: ‘gaan staan daar anderkant!’ en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie.”

Mattheus 14:22-33 NV

²² Net daarna het Jesus sy disipels in die skuit laat klim om solank voor hom uit te vaar na die oorkant toe terwyl hy nog eers die mense huis toe laat gaan. ²³ Nadat Hy die mense weg gestuur het, het hy alleen na die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen. ²⁴ Die skuit was reeds 'n paar kilometer van die kus af en is deur die golwe teteister, want die wind was van voor. ²⁵ Met dagreek die volgende more het hy op die see na Hulle toe aangeloop gekom. ²⁶ Toe sy disipels hom op die see sien, loop, het hulle groot geskrik en gese: “Dis 'n spook!” Van angs het hulle hard begin skreeu. ²⁷ Maar Jesus het dadelik met hulle gepraat en gese: “Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie. ²⁸ Toe se' Petrus vir hom: “Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom.” ²⁹ “Kom”, se Hy. Petrus het uit die skuit geklim en op die water begin loop en naby Jesus gekom. ³⁰ Maar toe Petrus sien hoe sterk is die wind, het hy bang geword en begin sink en uitgeroep: “Here, red my!” ³¹ Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp, en vir hom gese: “Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?” ³² Hulle het toe in die skuit geklim, en die wind het gaan lê. ³³ Die manne in die skuit het voor Jesus gekniel en gese: “U is waarlik die Seun van God.”

Jakobus 1:2-4 NV

² My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, ³ want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. ⁴ En die volharding moet ent-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.